

# 21

## Hersiening

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders doen met 'n oopboektoets hersiening oor Lesse 13 tot 20.

### KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

### VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Ons doen vandag hersiening om te sien of ons kan onthou waaroor ons in die afgelope klomp lesse gesels het.

### IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die vraestel in hulle boeke voltooi. Laat hulle een vir een vraag doen. Hulle mag in hulle boeke rondblaai om die antwoorde te kry. Laat hulle om die beurt hulle antwoorde lees. Laat almal hulle antwoorde korrigeer indien nodig.

- Wat is 'n erediens? *Dit is 'n gesprek tussen God en die mens.*
- Waarom sing ons tydens die erediens? *Met ons sang loof ons God, ons bely ons skuld voor Hom, vertel van sy genade, en sê ook vir Hom dankie vir alles wat Hy vir ons doen en dat Hy vir ons sorg.*

Kies die regte woord.

1. Met dwelms *besoedel* ons ons liggame.

<b>besoedel</b>	versterk	versier
-----------------	----------	---------

2. Ons liggame is 'n tempel van God, en daarom is daar plek *vir God alleen*.

vir dwelms	vir afgode	<b>vir God alleen</b>
------------	------------	-----------------------

3. Mense wat van dwelms afhanklik geword het, skuif naderhand *vir God* uit hulle lewe uit weg.

hulle besittings	hulle geld	<b>vir God</b>
------------------	------------	----------------

4. *Satan* het mag, maar God is magtiger.
5. Ons *dien* alleen vir God en leef *gehoorsaam* aan Hom.
6. Waarom was Petrus in die tronk? *Hy het die evangelie van Jesus Christus verkondig.*
7. Waarheen het Petrus heel eerste gegaan nadat hy uit die tronk bevry is? *Na die ander Christene toe.*
8. Waarom het hulle vir Petrus gehelp? *Hulle het vir mekaar omgegee.*
9. Hoekom gee ons vir mekaar om? *God vra dit van ons, en ons doen dit uit dankbaarheid vir wat God vir ons gedoen het.*
10. Wat is die opdrag waarmee God die mens geseën het? (Genesis 1: 28) *Wees vrugbaar, word baie, bewoon en bewerk die aarde.*
11. Wat bedoel Paulus wanneer hy sê dat 'n mens se liggaam nie bedoel is vir seksuele losbandigheid nie, maar daar is vir die Here? (1 Korintiërs 6: 14) *Ons liggame behoort aan die Here. Daarom moet ons ons liggame oppas en mooi daarvoor sorg. Wat ons met ons liggame doen, moet ons doen tot eer van God.*
12. In watter verhoudings mag mense seksueel met mekaar verkeer? *Slegs in die huwelik.*
13. Is seksuele losbandigheid iets wat bestaan slegs tussen mense van dieselfde geslag? *Nee, dit kan ook bestaan tussen mense van die teenoorgestelde geslag.*
14. Wat beteken dit dat ons liggame aan die Here behoort? *Ons moet die Here eer met die manier waarop ons lewe. Omdat ons liggame aan Hom behoort, moet ons dit oppas en daarvoor sorg.*
15. Vul die ontbrekende woorde in die volgende sinne in:
- *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Want met die mond bely ons en ons word vrygespreek, en met die hart glo ons en ons word gered.*
16. Sê of die volgende waar of vals is, en gee 'n rede vir jou antwoord:
- *Wanneer ek belydenis van geloof aflê, belowe ek aan God dat ek diensbaar sal wees in die Kerk en dat ek graag in die gemeente sal werk en so ook my deel doen. Waar. Een van die vrae waarop ons voor die gemeente "Ja" antwoord, is dat ons diensbaar sal wees in die Kerk en ander mense sal dien met die gawes wat God aan ons gegee het.*

17. Verduidelik wat die volgende beelde in Psalm 23 beteken:

- Die Here is my Herder. *Die Here sorg vir my omdat Hy vir my lief is. Daarom kom ek niks kort nie. Hy het belowe dat Hy altyd na my sal kyk en my sal oppas. Daarom hoef ek nooit bang te wees nie. Soos wat 'n herder sy skape oppas en die gevaar van hulle af weghou, doen die Here dit ook vir my. Hy is bereid om, net soos 'n herder, sy lewe op die spel te plaas sodat ek veilig kan wees.*
- Al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie. *Al gebeur daar dinge wat my onseker en bang maak, kan ek weet dit is nie nodig dat ek bang hoef te wees nie, want die Here is my Herder en daarom kom ek niks kort nie. Ek kom ook nie troos en kalmte kort nie, want my Herder is elke oomblik by my en maak dit vir my beter.*

### **BY DIE HUIS**

Laat die kinders die oopboektoets se vrae en antwoorde gaan leer om oor twee weke toets te skryf.

### **AFSLUITING**

Sluit af met gebed.